KANNALAND
MUNISIPALITEIT | MUNICIPALITY

**MEDIAVERKLARING**
**VIR ONMIDDELIKE VRYSTELLING**
**29 JUNIE 2023**

Die Oudtshoorn Courant het op 27 Junie 2023 'n berig geplaas met die titel "Rioolwerke stort in duie".

Kannaland Munisipaliteit is bewus dat daar sekere uitdagings bestaan, soos voorsien aan die korrespondent van die Oudtshoorn Courant op navraag. Die berig soos geplaas deur die media is egter versier met politieke aanduidings.

Calitzdorp se dorp area bestaan uit septiese tenke wat nie aan die rioolnetwerk gekoppel is nie. Waar riool wel dus in 'n straat sal uitloop in die dorp area, sal dit 'n septiese tenk wees wat oorvol is, wat moontlik die konstante reën van die afgelope tyd kan wees. Om hierdie rede plaas ons 29 Junie 2023 'n adviserende nota vir die publiek.

Daar word verder verwys na cholera deur lede van die gemeenskap. Die munisipaliteit verseker die gemeenskap dat die water veilig is vir menslike gebruik. Die nuutste uitslae van watermonsters geneem te Calitzdorp word geplaas as deel van hierdie mediaverklaring.

Die munisipaliteit het nie rioolslote as deel van die rioolnetwerk. Alle riool binne die Bergsig area is binne 'n geslote pyplyn. Daar is wel plekke wat soms oop is waar diefstal en vandalisme plaasvind. Ons versoek dus die gemeenskap om die beskadiging en diefstal van munisipale bates aan te meld by die naaste munisipale kantoor.

Waar nie-beplande riool oorstromings wel plaasvind, is die munisipaliteit in proses om daardie areas te rehabiliteer.

**HENDRIK BARNARD**
**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**

---------------------------------------------------EINDE---------------------------------------------------